Die Afrikaner
sedert 1970
R15
Bedryfskoste per eksemplaar
admin@hnp.org.za
Tel. 079 752 4898
Nr 2276 29 Mei 2026

Bek- en Klouseer:

John Steenhuisen kry wéér bloedneus in hof

Die minister van landbou in die ANC-beheerde kabinet, John Steenhuisen, het nou vir die derde keer bloedneus in die hof gekry omdat hy weier om staatsbeheer oor bek- en klouseer (BKS) entstowwe, prys te gee.

In landboukringe word al geruime tyd gesê dat Steenhuisen die swakste landbouminister in ‘n lang tyd is en dat van sy ANC-voorgangers selfs beter was as hy. Hierdeur doen hy die DA, waarvan hy die leier was, geweldig skade wat hulle nie kan bekostig voor die plaaslike regeringsverkiesings van 4 November nie.

Voorts is daar algehele verstomming dat Cyril Ramaphosa nog nie van hierdie geleentheid gebruik gemaak het om Steenhuisen vernederend af te dank nie. Hy het genoeg gronde daartoe, net soos hy Sisisi Tolashe, die minister van maatskaplike ontwikkeling afgedank het sonder opgaaf van redes. Waarskynlik wil Ramaphosa die DA se guns behou indien hy in staat van beskuldiging geplaas sou word of daar ‘n mosie van wantroue teen hom ingestel sou word.

In twee vorige rondtes het Steenhuisen selfs bestraffende kostebevele teen hom en sy departement gekry oor hul hantering van die saak, en as die applikante daarvoor sou gevra het, sou die hof ‘n derde strafbevel toegestaan het.

Die sake teen die minister van landbou is aanhangig gemaak deur Sakeliga, SAAI en Vrystaat Landbou, terwyl organisasies soos Agri SA en TLU SA nie deelgeneem het aan die saak nie, maar hulle eerder laat ko-opteer het op ‘n niksseggende BKS koördineringskomitee wat Steenhuisen ingestel het.

In die jongste saak het die hooggeregshof van Pretoria 'n bevel toegestaan dat bek-en-klouseer-entstowwe privaat verkry en toegedien mag word, sonder staatsveeartsenykundige betrokkenheid. Die minister van landbou is ook verbied om in te meng in die private kommersiële verhoudings van diegene wat wettig bek-en-klouseer-entstowwe in Suid-Afrika invoer.

Die bevel, ten gunste van Sakeliga, SAAI en Vrystaat Landbou, bevestig dat eienaars en bestuurders van gesplete hoefvee onafhanklik wettig verkrygde bek-en-klouseer-entstowwe mag kry en toedien.

Die hof het bevind dat die Minister van Landbou, sy Direkteur-Generaal en die Direkteur van Dieregesondheid die aansoek "heftig teengestaan" het, maar "versuim het om enige substantiewe verweer aan te dui", "vertragings bewerkstellig het om die saak te laat aanhoor en bereg", en dat hul gedrag "'n mate van sanksie van die hof vereis". Die hof het die minister se artikel 10-skema as "kwesbaar" beskryf en bevind dat dit "nie voorsiening maak vir enige beheerde doel of vir die verbetering van dieregesondheid nie".

Danksy dié bevel is die bestryding van bek-en-klouseer met inenting nou gelyktydig vir beide die privaatsektor en die staat moontlik, eerder as net vir die staat.

Boere, voerkrale, suiwelbedrywe en verwante landboubesighede het nou 'n hofbeskermde roete om goedgekeurde bek-en-klouseer-entstowwe van wettige invoerders, vervaardigers of hul agente te verkry. Geen deelname aan die staat se artikel 10-skema is nodig nie.

Hulle mag nou ook daardie entstowwe aan hul vee toedien onder die kennisgewing- en rapporteringsvoorwaardes wat in die bevel uiteengesit word (bv. ten minste 5 dae vooraf skriftelike kennisgewing aan die Provinsiale Direkteur voor inenting, en kennisgewing binne 14 dae na inenting). Weer eens, geen deelname aan die staat se artikel 10-skema is nodig nie.

Die bevel verbied verder die Minister van Landbou, die Direkteur-Generaal en die Direkteur van Dieregesondheid om in te meng in die kommersiële verhoudings van diegene wat wettig bek-en klouseer entstowwe invoer en hul internasionale verskaffers. (Alhoewel geen bevinding oor beweerde oortreding in die dringende verrigtinge gemaak is nie, spruit die interdik uit bewyse wat deur die aansoekers voorgelê is dat die Minister of sy medewerkers ingemeng het in 'n invoerooreenkoms wat tussen 'n plaaslike diere-entstofinvoerder en 'n Argentynse entstofvervaardiger bereik is.)

(Vervolg op bladsy 7)

Die Redakteur

Hier kom Stalingrad 3

Die ANC-staatshoof, Cyril Ramaphosa, het 'n aansoek by die hooggeregshof in Kaapstad ingedien om die onafhanklike paneel se artikel 89-verslag oor die Phala Phala-saak op hersiening te laat neem.

Hierdeur probeer Ramaphosa om die moontlike parlementêre afsettingsproses vir eers te stop of te vertraag.

Alhoewel hy in sy hofstukke vra dat die hooggeregshof nie met die saak moet sloer nie, is dit duidelik dat hy wel van die vertragingsmeganisme gebruik maak. Daarbenewens hou howe nie daarvan om voorgeskryf te word nie, en sy versoek dat die saak nie moet sloer nie, kom daarop neer dat hy voorkeurbehandeling vra, bo ander sake wat al jare in die regstelsel is. As hy werklik ernstig was dat die saak vinnig afgehandel moes wees, kon hy die hof op 'n dringende basis genader het, maar ook in dié geval weet hy dat daar niks dringends aan is as hy byna vier jaar later eers die verslag op hersiening wil neem nie.

Hy het duidelik iets om te verberg. Na die diefstal by Phala Phala, het hy nie, soos die regte prosedure veronderstel is om te wees, 'n formele klagte by die polisie gaan lê nie. Sodanige klagte word gedoen by wyse van 'n beëdigde verklaring. Dit wil voorkom of hy nie bereid is om enige verklaring onder eed af te lê nie. Die oomblik as 'n formele klag gelê word, word alle kante van die saak ondersoek – iets wat ongemaklik kan raak as dit kom by die groot hoeveelheid buitelandse valuta wat in 'n rusbank versteek word.

Hy het wel gesprek gevoer met die Reserwebank oor moontlike valuta-oortredings rakende die dollars op die plaas. Hy het ook 'n formele voorlegging aan die onafhanklike parlementêre paneel onder Sandile Ngcobo gemaak, maar geen verklaring onder eed gemaak nie, en hy het wel sogenaamde formele antwoorde gegee aan die Openbare Beskermer, weer eens nie onder eed nie. Hy is dus weer eens 'n meester in ontwyking, en nou leer hy by sy voorganger van die Stalingrad vertragingstaktiek.

Die "Stalingrad-taktiek" is 'n politieke en regsuitdrukking wat in Suid-Afrika veral met Jacob Zuma verbind word. Dit beteken basies: jy probeer nie noodwendig die saak op meriete wen nie — jy probeer dit só lank moontlik vertraag totdat die teenstander, die hofstelsel of die publiek moeg raak.

Die naam kom van die Slag van Stalingrad tydens die Tweede Wêreldoorlog, waar die Sowjetunie die Duitse magte deur 'n lang uitputtingsoorlog afgeslyt het. Dit was dus Stalingrad 1.

In die regswêreld beteken dit 'n "oorlog van uitputting": eindelose aansoeke, appèlle, tegniese punte en prosedurele gevegte.

In Suid-Afrika is die term oorspronklik deur Zuma se eie advokaat, Kemp J Kemp SC, gebruik om sy benadering te beskryf. In Zuma se wapentransaksiesaak het hy oor baie jare appèlle teen byna elke ongunstige uitspraak gebring; probeer om aanklaers soos Billy Downer te laat verwyder; regters probeer laat onttrek; private vervolgings ingestel; tegniese besware geopper; mediese redes gebruik vir uitstel; nuwe regsverteenwoordigers ingebring of verander; en konstitusionele uitdagings geloods. Dit was Stalingrad 2.

Die gevolg was dat die saak vir byna twee dekades gesloer het voordat 'n hof onlangs weer gesê het die "Stalingrad-taktiek" moet stop en die verhoor moet voortgaan.

Die howe het in verskeie uitsprake openlik gesê Zuma gebruik regsprosesse om aanspreeklikheid te vertraag.

Zuma se prosesse was om strafregtelike vervolging vry te spring – iets wat nog nie ter sprake is in Ramaphosa se geval nie. Ramaphosa se Phala Phala-kwessie was tot dusver meer 'n mengsel van parlementêre, politieke en ondersoekprosesse, maar ook dié kan vertraag word, soos dit wil lyk of Ramaphosa nou wil doen in sy eie Stalingrad 3.

Hierdie is die een deel wat handel oor die staat van beskuldiging waarin hy geplaas kan word voor die parlement. Vir so 'n staat van beskuldiging om te slaag, moet 75% van die parlementslede daarvoor stem.

Daar is egter reeds partye wat gevra het dat 'n gewone mosie van wantroue ter tafel gelê moet word. So 'n wantroue-mosie kan met een stem meerderheid aanvaar word – iets wat op die oomblik baie gevaarliker vir Ramaphosa is as 'n staat van beskuldiging.

Maar, gelukkig is die *speaker* van die parlement 'n ANC-lid, en sy het reeds die versoek van 'n wantroue-mosie van die hand gewys. ANC beskerm ANC, en die opposisiepartye is te lamsakkig om iets daaraan te doen. Die ANC het nie 'n meerderheid in die parlement nie, dus hoe is dit moontlik dat die *speaker* wel 'n ANC-lid is?

Wanneer gaan die opposisiepartye ruggraat kry en 'n mosie van wantroue teen die *speaker* instel om 'n nie-ANC-lid in daardie stoel te kry? Dan kan daardie prentjie totaal verander. Maar die PA het reeds gesê dat hulle Ramaphosa sal ondersteun, en die DA doen die eierdans, maar die feit dat Ramaphosa nog nie vir Johan Steenhuisen afgedank het nie, is 'n goeie aanduiding van die goeie gesindheid tussen die DA en die ANC op die oomblik.

En dié oefening in futiliteit word dan 'n demokrasie genoem...?

Wanneer Vryheid Sy Perke Bereik Het:

Patrick J. Deneen en Twyfel oor die Liberale Era

Deur Bernard Lindekens

(Oorgeneem uit Knooppunt Delta Nieuwsbrief*, April 2026)*

Die naam Patrick J. Deneen verskyn die afgelope paar jaar toenemend in politieke en akademiese besprekings. Dit is merkwaardig, want nie so lank gelede nie, was hy hoofsaaklik bekend binne 'n relatief klein kring van politieke filosowe. Voormalige Amerikaanse president Barack Obama het sy boek *Why Liberalism Failed* in 2018 op sy leeslys geplaas en 'n genuanseerde maar positiewe reaksie daarop gegee. Obama het destyds geskryf dat hy die boek gedagteprikkelend en intellektueel waardevol gevind het, al het hy nie met die meeste van Deneen se gevolgtrekkings saamgestem nie. Die feit dat 'n uitgesproke liberale politikus soos Obama die boek aanbeveel het, het dit des te meer treffend gemaak. Dit het aangedui dat Deneen se kritiek op liberalisme ook ernstig opgeneem is binne liberale kringe self, en nie net deur konserwatiewe of post-liberale denkers nie.

Vandag word hy deur baie beskou as een van die belangrikste kritici van die moderne liberale samelewing. Sy idees het debat in universiteite, dinkskrums en politieke bewegings ontketen, nie net in die Verenigde State nie, maar ook in Europa. Wat sy werk so fassinerend maak, is dat hy nie bloot pleit vir 'n geringe regstelling van die bestaande stelsel nie. Hy stel 'n baie meer fundamentele vraag: wat as liberalisme self die bron is van 'n aantal van die probleme wat moderne samelewings ervaar?

Deneen het dus wêreldwyd bekend geword met sy boek *Why Liberalism Failed*, waarin hy 'n tesis verdedig wat beide eenvoudig en uitdagend is. Volgens hom het liberalisme nie misluk omdat dit nie sy doelwitte bereik het nie, maar juis omdat dit dit te goed verwesenlik het. Dit klink paradoksaal, maar vir Deneen is dit die sleutel tot die begrip van huidige politieke spanning. Liberalisme het ontstaan as 'n projek wat daarop gemik was om individue van tradisionele strukture en owerhede te bevry. In die vroeë moderne tydperk het dit 'n radikale breuk beteken met 'n wêreld waarin sosiale hiërargieë, godsdienstige mag en plaaslike tradisies die lewe sterk bepaal het. Die liberale belofte was dat mense hul eie lewens sou kon vorm, vry van opgelegde beperkings. Volgens Deneen het daardie projek onmiskenbaar indrukwekkende resultate opgelewer: meer individuele vryheid, groter ekonomiese dinamiek, demokratiese regte en 'n ongekende mate van persoonlike outonomie.

Maar juis daardie sukses het volgens hom 'n onverwagte nadeel. Wanneer 'n samelewing toenemend georganiseerd raak rondom individuele vryheid en keuse, begin die sosiale strukture wat mense tradisioneel verbind stadig verswak. Gemeenskappe, gesinne en plaaslike bande verloor hul vanselfsprekende plek in die sosiale lewe. Mense word toenemend vryer om hul eie pad te kies, maar terselfdertyd raak hulle losser verbind aan die sosiale konteks waarin hul lewens betekenis kry. Vir Deneen is dit waar een van die groot paradokse van die moderne liberalisme lê: 'n samelewing wat al hoe meer vryheid produseer, kan gelyktydig gevoelens van isolasie, onsekerheid en wortelloosheid versterk.

'n Belangrike deel van sy analise, is die verhouding tussen mark en staat. In die klassieke liberale gesprek word hierdie dikwels as teenoorgesteldes aangebied. Die mark staan vir vryheid en ondernemerskap, terwyl die staat as 'n noodsaaklike maar moontlike beperkende mag gesien word. Deneen voer

Die Afrikaner

admin@hnp.org.za Tel.: 079 752 4898

Redakteur: Mnr. Henk van de Graaf vandegraafhenk@gmail.com

Medewerkers: Mnr. Andries Breytenbach, Mnr. Hermanus van der Schyff, Mnr. Rudolf Buitendach, Mnr. Meinhard Peters, Mev. Alet Murray, Dr. Gideon Grobler

Uitleg en tegniese versorging: Mev. Juanita Powroznik

egter aan dat hierdie digotomie misleidend is. In die praktyk, volgens hom, werk die staat en die mark dikwels saam in 'n dinamiek wat plaaslike gemeenskappe onder druk plaas. Die uitbreiding van markte – deur globalisering, mobiliteit en tegnologiese innovasie – breek tradisionele ekonomiese strukture af. Terselfdertyd groei die rol van die staat in die bestuur van die sosiale gevolge van hierdie veranderinge. Die resultaat is 'n samelewing waarin ekonomiese mag toenemend in groot korporasies gekonsentreer is, terwyl politieke mag meer sentraal in nasionale of supranasionale instellings georganiseer word. In hierdie ontwikkeling, volgens Deneen, verdwyn baie van die tussenliggende sosiale strukture wat eens 'n buffer tussen die individu en mag gevorm het: plaaslike ekonomieë, burgerlike samelewingsorganisasies en gemeenskappe waar mense mekaar direk ken.

Sy analise raak ook aan die groeiende gaping tussen elites en gewone burgers. In baie moderne samelewings het hoogs opgeleide elites toenemend mobiel geword. Hulle beweeg maklik tussen stede en lande, werk in internasionale organisasies en voel tuis in 'n wêreld van globale netwerke. Vir hulle is buigsaamheid 'n voordeel en kulturele verandering 'n natuurlike deel van die lewe. Maar vir baie ander mense is dit nie die geval nie. Hul lewens is dikwels sterker gekoppel aan 'n spesifieke plek, 'n plaaslike ekonomie of 'n gemeenskap waar generasies mekaar opvolg. Volgens Deneen lei daardie verskil in lewenstyl en perspektief tot 'n groeiende spanning binne demokratiese samelewings. Die elites beskou openheid en mobiliteit as vooruitgang, terwyl baie ander voel dat die wêreld waarin hulle geleef het stadig verdwyn.

Alhoewel Deneen hoofsaaklik bekend is vir sy kritiek op liberalisme, is sy werk nie uitsluitlik negatief nie. Hy probeer ook besin oor wat ná liberalisme kan kom. In sy latere boek, *Regime Change,* ondersoek hy die moontlikheid van 'n politieke en ekonomiese orde waarin gemeenskappe weer 'n meer sentrale rol speel. Die boek vra nie vir 'n volksopstand of 'n breuk met die bestaande stelsel nie. Volgens Patrick J. Deneen lê die sleutel eerder in die vorming van 'n nuwe, moreel georiënteerde elite: leiers wat dit waag om die gemeenskaplike welstand weer in die middelpunt te plaas. In hierdie konteks praat hy van 'n vorm van "pre-postmoderne konserwatisme", 'n denkwyse wat insigte uit klassieke politieke filosofie met hedendaagse samelewingsbelange kombineer. Daardeur put hy inspirasie uit denkers soos Aristoteles en Edmund Burke, maar hy probeer om daardie tradisie te verbind met die ontevredenheid wat vandag deur breë segmente van die bevolking gevoel word. Deneen staan teenoor beide die logika van neoliberale globalisering en wat hy as 'n oormatige kulturele progressivisme beskou. Sy ambisie is nie 'n radikale breuk met die moderne wêreld nie, maar 'n sintese waarin orde, tradisie en geregtigheid weer in balans gebring word.

Vir hom beteken dit ook nie 'n nostalgiese terugkeer na die verlede nie. Inteendeel: hy wil besin oor maniere om die moderne samelewing anders te organiseer. Deur dit te doen, beoog hy sterker plaaslike gemeenskappe, 'n breër verspreiding van ekonomiese mag en 'n herwaardering van sosiale verantwoordelikhede. Sy uitgangspunt is dat politiek nie net om reëls, regte of instellings draai nie, maar ook om die vraag hoe mense leer om saam 'n goeie lewe te bou.

In hierdie sin sluit sy denke aan by 'n ouer filosofiese tradisie waarin karakter en gemeenskap 'n sentrale plek inneem. Benewens Aristoteles dien die hedendaagse morele filosoof Alasdair MacIntyre ook as 'n belangrike bron van inspirasie. Soos sy, beskou Deneen die mens nie bloot as 'n outonome individu wat voortdurend keuses maak nie, maar as 'n wese wat gevorm word deur sosiale praktyke, tradisies en gedeelde waardes. Volgens hom kan 'n gesonde samelewing dus nie uitsluitlik op markte en individuele regte staatmaak nie; dit benodig ook instellings wat mense verbind en 'n gevoel van wedersydse verantwoordelikheid vestig.

Deneen se idees ontlok sterk reaksies. Sommige kritici voel dat hy liberalisme te negatief interpreteer en onvoldoende aandag gee aan die enorme vooruitgang wat liberale samelewings teweeggebring het. Ander vind sy alternatiewe te vaag of vrees dat sy kritiek uitgebuit kan word deur politieke bewegings wat minder waarde heg aan individuele vryhede. Tog erken selfs baie teenstanders dat hy 'n belangrike punt aanraak: die vraag of moderne liberale samelewings steeds voldoende sosiale samehorigheid en gemeenskapsgees besit om op die lang termyn stabiel te bly.

Miskien is dit juis waarom sy werk soveel aandag kry. In baie lande voel mense dat iets verkeerd is met die manier waarop die ekonomie, politiek en samelewing vandag funksioneer. In baie opsigte is die wêreld vryer, ryker en meer tegnologies gevorderd as ooit tevore, maar terselfdertyd ervaar baie mense 'n gevoel van onsekerheid en afstand van politieke instellings. Deneen bied 'n interpretasie van hierdie spanning wat verder gaan as daaglikse politieke konflikte. Hy probeer verstaan hoe die fondamente van die moderne politieke stelsel self bydra tot die probleme van ons tyd. ■

Hoe lyk ons kultuurstrategie?

Indien ons volk sy kulturele identiteit sou verloor, sal enige politieke strategie nodeloos wees. Daar sal nie ’n volk wees om te red nie! Hierdie besef is krities in die fase van die stryd waarin ons vandag lewe. Ons het die geleentheid, en ’n sekere mate van vryheid, om hard te werk aan ’n omvattende kultuurstrategie.

Dit is hoe **punt twee** lees in die brosjure oor ons volk se groot uitdagings: ”Om as ’n volk te oorleef is ons kulturele lewe van die grootste belang. Waarom sê ons so? Uiteraard vorm ons kulturele bedrywighede ons volkskarakter; daaruit kom motivering en inspanning en bereidheid tot stryd; daaruit kom ’n sterk groepsbinding en lojaliteit teenoor mekaar; daaruit kom ook ’n besef dat ons ’n kosbare erfenis het om te bewaar – ’n erfenis wat aan die volgende geslag oorgedra moet word. In ons geskiedenis het ons wonderlike leiers gehad wat alles gegee het vir ons volk se kulturele lewe en wat geglo het dat die Afrikaners se kultuur die grondslag vir so baie belangrike sake in die volkslewe is: in ons kerke, in ons skole en in die hoër onderwys. Ook in die ekonomie, in die handel en die industrie mag ons ons kulturele plig nie versaak nie. Om ons stempel as volk af te druk op die geskiedenis is ons kulturele identiteit van kardinale belang. Dit skep ’n duursame grondslag vir alles wat ons wil doen.”

Beskou ons ons volk se stryd na 31 Mei 1902, sien ons hoe ons dikwels in die politieke woestyn was; in jare waartydens ons nie in politieke beheer van die regering was nie. In daardie tye het ons juis gesteun op die groot uitdagings van ons volksbestaan op kulturele gebied. In kultuur-organisasies kon die gees van Afrikanernasionalisme aangekweek en lewendig gehou word. **Die taalstryd** was byvoorbeeld in die hart van hierdie strewe. Professor Jaap Steyn het die mooi woorde as titel gekies vir sy boek oor ons uitdagings op taalgebied, naamlik: **’n Tuiste in eie taal**. Ons taal het gedien as ’n huis vir ons volkslewe. Dit het ’n eie lewensruimte geskep. Dit was een terrein waarop ons teen al die sterk magte van ons vyande kon staan, veral teen die magtige Britse Ryk wat die verengelsing van die hele Suid-Afrika wou bewerkstellig. Maar hulle kon nie ons Afrikaanse taal oorwin nie; en daarom kon hulle ook nie ons volkskarakter finaal verwoes nie.

Die Afrikaanse kerke het inderdaad ook ’n onverwoesbare kulturele tuiste gebied. In ons kerke kon Afrikaners hul geloof en diepste oortuigings uitleef, in weerwil van die politieke nood waarin ons verkeer het. Vanuit hierdie grondslag was dit ondenkbaar dat die Afrikanervolk ’n skeiding sou maak tussen geloof en politiek. Sedert die sestigerjare is die valse oproep gedoen dat geloofsake en politiek uit mekaar gehou moet word. Daarom is die begrip Christelik-nasionaal meedoënloos aangeval vanuit verligte (liberale) kringe. Gaandeweg het hierdie volksvreemde gedagte ook ‘n houvas gekry op kweekskole en op nuwelinge in die predikantsberoep. Ons volksbestaan moes nie meer in die prediking ter sprake kom nie. *Die evangelie en die Bybel moes gestroop word van gesag op politieke terrein*. Hierdie aanslag duur vandag nog voort.

In ons woestynjare het ons volksleiers instinkmatig baie aandag begin gee aan die jeug – uitdagings in die onderwys, die daarstelling van Afrikaanse skole, en die organisasie van jongmense in bewegings soos die Voortrekkers en in kerklike jeugverenigings. Studente-organisasies soos *Die Afrikaanse Studentebond* is geloods om toekomstige leiers op die kampus van universiteite te kweek. Maar ook in volwasse kringe is kultuuraksies georganiseer deur verskeie ondernemings soos die Rapportryers, SABRA en die FAK. Aandag is gegee aan sang en kuns, aan toneelstukke, aan geskiedenis en die bewaring van kosbare erfenisse. Kulturele prestasies is jaarliks aangemoedig deur die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns. Dink byvoorbeeld aan die Hertzogprys, as aanmoediging vir letterkundige werk van hoë gehalte.

Deur al hierdie aksies is die grondslag stewig gebou vir die Afrikanervolk se *politieke stryd om erkenning en staatkundige vryheid*. Dit is die hart van die uitdagings waarvoor ons andermaal te staan gekom het. Ons mag nie ons volkskarakter verloor nie, want as dit sou gebeur is alle politieke stryd tevergeefs.

Ek dink nie dis vergesog om te sê dat ons die afgelope jare besig is om veld te verloor in die kulturele lewe nie; al is daar talle walgooi-aksies aan die gang. Afrikaans verkeer onder geweldige druk, en Afrikaners gee min aandag aan korrekte taalgebruik. Baie skole skaal kultuuraktiwiteite af, sport kry voorkeur. Kerkbywoning daal al vir dekades, en gemeentes kwyn stadig weg. Engels oorheers die internet en die televisiedienste. Afrikaanse dagblaaie het landwyd verdwyn.

Die verwaarlosing van die nasionale gedagte (nasionalisme) maak Afrikaners onverskillig. Ons sal die krisis moet aangryp as ’n geleentheid.

Vanaf die lessenaar van die Hoofsekretaris

Hermanus van der Schyff

Ek gaan voort om uit mnr. Jaap Marais se boek *Waarheid en Werklikheid* aan te haal uit die hoofstuk "Haat uit die Engelse wêreld".

"Haat uit die Engelse wêreld 2":

Hy skryf: "Die rol van die magte in die Engelstalige wêreld van Amerika en Brittanje in verband met die terroriste-oorlog in Suider-Afrika is iets wat selde genoem of bespreek word, maar dit is 'n rol wat baie bedenklik is.

"Kyk maar na enkele feite: Die Wêreldraad van Kerke bestaan hoofsaaklik uit die Amerikaanse National Council of Churches en die British Council of Churches. Hulle is die dryfveer agter die Wêreldraad se geldelike en ander hulp aan die terroriste. Die Ford Foundation van die VSA was lank die hoof-finansier van Frelimo in sy oorlog teen die Blankes van Mosambiek. Kommuniste en saboteurs wat uit Suid-Afrika vlug, vind 'n veilige hawe in Brittanje en die VSA. Die terroriste-organisasies soos Swapo en die ANC rig ongestoord kantore daar in en voer die propaganda-oorlog teen Suid-Afrika uit dié kantore. (Die teenhang hiervan sou wees dat Suid-Afrika die Ierse Republikeinse Leër sou toelaat om vanuit Suid-Afrika teen Brittanje te opereer.)

"Hierdie state bedryf nie amptelik vyandskap teen Suid-Afrika nie, maar hulle laat toe dat Suid-Afrika as 'n vyand behandel word, net soos in die geval van Rhodesië. Mnr. Ian Smith het in 1974 gesê: 'Ons twee groot vriende van die verlede is nou ons grootste vyande. Ander lande van die wêreld voorsien in ons behoeftes -- maar nie Amerika en Brittanje nie.' (*Pretoria News*, 25 April 1974).

"Natuurlik het Amerika en Brittanje geweet watter ernstige terugslag vir die Blankes van Suid-Afrika dit sou wees wanneer die Blankes van Rhodesië aan 'n kommunistiese Swart regering onderwerp word. Tog het hulle volhard met ekonomiese sanksies teen Rhodesië, selfs nadat biskop Abel Muzorewa 'n Swart regering ingestel het, en voortgegaan het met die aandrang op 'n een mens, een stem-verkiesing, waardeur die kommunistiese Mugabe-regering die bewind oorgeneem het.

"Die VSA en Brittanje het nie net die Engelstaliges van Rhodesië in die steek gelaat nie: hulle het ywerig volhardend daaraan meegedoen om die blank bewind in Rhodesië tot 'n val te bring. Hulle het dit gedoen met die volle wete van wat dit sou doen om Suid-Afrika te verswak, en daar kan kwalik geredeneer word dat dit nie binne die raam van hulle doelstellings was nie.

"Om dit in perspektief te plaas, moet onthou word wat in *The Citizen* van 20 Junie 1977 geskryf is met klaarblyklike instemming van die destydse Veiligheidshoof van Suid-Afrika: 'Dit blyk dat die CIA (die VSA se spioenasiediens) en die Kremlin jare lank aan dieselfde oogmerk werk: vernietiging van Blanke Suid-Afrika.'

"As dit die oogmerk is, was die vernietiging van die Blanke gemeenskappe aan Suid-Afrika se grense, ook Rhodesië, 'n voorvereiste.

"Die magte wat in die VSA en Brittanje meegewerk het om die val van blanke gemeenskappe aan Suid-Afrika se grens te bewerkstellig, verkeer in noue verbintenis met die magsgroepe wat bestempel is as mnr. PW Botha se 'dink-tenk', die ryk magnate wat in Rhodes se tyd die onverpoosde stryd teen Afrikanernasionalisme volgehou het."

Tot so ver die hoofstuk uit mnr. Marais se boek.

'n Mens sou kon vra waarom Engeland die planne gemaak het om die Suider-Afrikaanse state aan swart kommunisties-ingestelde regerings te laat oorneem? Hulle het in hul veldtog state soos die VSA en ander Wes-Europese state betrek om met sanksies die blanke beheerde state soos Rhodesië, Mosambiek, Suidwes-Afrika en Angola te verswak sodat die regerings deur swart kommuniste-regerings oorgeneem kon word.

Hulle het natuurlik ook sanksies teen Suid-Afrika ingestel. En hulle het die massa Engelse pers in verskeie lande gebruik om Suid-Afrika se beeld af te kraak. Dit het met die oorlog teen die terroriste, wat veral deur Kubaanse soldate se hulp, groot druk op Suid-Afrika geplaas om die staat te beskerm, terwyl die terroriste in klein groepies oor die grens kon kom en met terroriste aanvalle 'n groter verdedigingsmag op die been moes hê om die infiltrasie te keer.

'n Mens sou jou verwonder oor hoekom Engeland so teen Suid-Afrika wou en kon optree teen 'n land waar hulle miljarde rande gemaak het? Ek reken die feit dat die Engelse in twee oorloë nie die Boere kon verslaan nie en dat die Britse koningin aan 'n gewonde soldaat gesê het "remember Majuba". Ek reken dit moes vir die sogenaamde magtigste land in die wêreld 'n verskriklike vernedering gewees het en dat dit steeds in hulle gemoed sit dat hulle nie kan vergeet dat hulle nie die Boere kon oorwin nie. Die Boere het nie so 'n groot aantal vegters soos Engeland gehad nie. Die Engelse het in die

tweede vryheidsoorlog 450 000 soldate gehad terwyl die Boere maar ongeveer 52 000 manne in die veld gehad het. Die kakies het meer as 22 000 soldate aan die dood afgestaan en die Boere ongeveer 4 000. Dit het veroorsaak dat die Engelse helkampe opgerig het waar daar ongeveer 36 000 vrouens en kinders gesterf het.

'n Verdere rede was dat die Boere-Afrikaner na 1948 weer Suid-Afrika regeer het en na die inwoners omgesien het en nie die Hoggenheimers met geld gepaai het nie.

Die ander oorweging was en is dat die Boere-Afrikaner hulle Protestante godsdiens streng gevolg en beskerm het, terwyl die buiteland al meer wegbeweeg het van hul godsdiens.

En vandag sit ons met 'n kommunistiese terroriste bende as regeerders en alles verval terwyl korrupsie en diefstal 'n gewoonte is.

Ons sal egter vasbyt en terugkeer na die voorbeeld van die Boere en so ons land terugkry. Elke dag is een dag nader aan ons vryheid.

Entstof

(Van bladsy 1)

Bestaande maatreëls met betrekking tot die beweging van vee en die rapportering van vermoedelike bek- en klouseervoorvalle word ongestoord gelaat, en die Staat behou sy diskresie om entstof toe te ken wat dit self verkry het. Soos deur die hof aangeteken, "Die Staat mag bek-entstof aan die privaatsektor beskikbaar stel vir privaat administrasie in ooreenstemming met die bepalings hierin, maar is nie verplig om dit te doen nie, en "niks in hierdie bevel ontneem enige eienaar/bestuurder van vee die geleentheid om hulp van die staat of 'n privaat veearts te soek nie."

Sakeliga sê die uitspraak bevestig wat die aansoekers van die begin af aangevoer het: dat daar geen wettige belemmering is vir vee-eienaars en -bestuurders om goedgekeurde BKS-entstowwe te bekom en dit aan hul diere toe te dien nie. Trouens, die bevel wat uitgereik is, is presies die voorgestelde bevel soos deur die aansoekers tydens die verrigtinge aangebied.

Dit is opmerklik dat die hof die fundamentele beginsel wat die aansoek geanker het, herstel het: "Dit is banaal dat enige privaat persoon enigiets mag doen wat nie deur die wet verbied word nie." 'n Beleid of 'n praktyk, het die hof bygevoeg, "kwalifiseer nie as 'n wet nie."

Dit is belangrik dat geen toestemming van die minister of ander staatsamptenare vereis word vir private BKS-inentingspogings nie, nóg onder die gebrekkige artikel 10-skema wat Steenhuisen ingestel het, nóg andersins.

Die uitspraak bevind ook dat:

- Die minister en ander respondente "moet 'n verbod met die krag van die wet aandui," soos onder subartikel 1(a) van die Wet op Dieresiektes vir "algemene geproklameerde maatreëls." Die respondente het egter nie na enige sulke... maatreëls gewys nie. Hierdie weglating is ooglopend."
- Die staatsrespondente het "moeilik gesukkel om 'n basis te toon" vir hul bewering dat slegs die regering na bek-en-klouseer-inentings kon omsien. "Vandaar," het die hof bevind, met verwysing na die Minister se laat artikel 10-skema, "die haas om 'n verbod op privaat toegediende inenting van vee in die Staatskoerant te plaas." (Onder die minister se artikel 10-skema sou vee-eienaars en veeartse verbied gewees het om privaat entstowwe toe te dien tensy hulle eers toestemming van die staat verkry het.)
- Die hof verwerp die staat se raamwerk van private inenting as iets wat regeringspogings sou belemmer. Trouens, die hof het bevind dat "tussentydse verligting nie 'n negatiewe impak sou hê op die [Staatspartye se] uitoefening van hul verpligtinge om die bek-en-klouseer te beperk nie", maar "hulle sou help in die stryd teen bek-en-klouseer".

In die beslissing oor koste het die hof die manipulasie van vertragings en die gebrek aan substantiewe verdediging deur die respondente opgemerk: "Sulke gedrag vereis 'n mate van sanksie van die hof. Nietemin versoek die aansoekers geen bestrawwende kostebevel nie." In die omstandighede het die hof die Minister van Landbou, die Direkteur-Generaal en die Direkteur van Dieregesondheid gelas om die koste van die aansoek op 'n party-en-party-skaal te betaal, insluitend die koste van twee advokate op skaal C (die hoogste skaal ingevolge die hofreëls) en die koste van die mislukte bemiddeling.

Hierdie bevel is tussentydse verligting, hangende die indiening van 'n volledige hersieningsaansoek gedurende Junie 2026. Sakeliga, SAAI en Vrystaat Landbou sal nou voortgaan met hierdie volledige hersieningsaansoek om finale verligting te verkry wat die minister en ander respondente se poging tot onwettige verbod op private verkryging en toediening van bek-entstowwe tersyde stel.

"Terwyl die aansoekers die saak sover nodig in die hof sal voer, sal dit 'n welkome ontwikkeling wees as die Minister en ander staatspartye verstandige stappe doen om sodanige noodsaaklikheid te vermy," sê Sakeliga.

Staaltjies uit die HNP se Geskiedenis (5)

Groot Seders val

Henk van de Graaf

Hierdie aflewering van Staaltjies is een van hartseer en afskeid.

Twee Groot Seders het ons die laaste tyd ontval.

Die een is mnr. Wouter Rust (77) van Wes-Transvaal en die ander is mnr. Pieter Prinsloo (89) van Noord-Transvaal.

Wouter Rust was Boere-boer in murg en been, en ‘n stoere HNP. Hy was voorheen kandidaat vir die HNP en was ook ‘n ruk lank organiseerder vir die party.

Hy was ‘n gewilde spreker, beide by politieke vergaderings, maar ook by kultuurgeleenthede en Geloftefeeste. Hy is ook al die “Eugene Terre’Blanche van die HNP” genoem, omdat hy sy gehoor net so in vervoering kon kry met sy strydvaardige en beredeneerde manier van praat.

‘n Voormalige onderleier van die HNP en vriend van Wouter, mnr. Frans Pieterse van Clocolan, het in sy nagedagtenis, die volgende op sosiale media geplaas:

“Ek sit en dink aan die 4 organiseerders/amptenare waarmee ek te doen gehad het wat 'n groot invloed op my politieke uitkyk van nasionalisme gehad het. Die eerste was die rustige oom Kobus Louw. Min kon hom aanjaag.

“Oom Attie Treurnicht: een van die ordentlikste Witmense wat ek geken het.



“Oom Louis van der Schyff: hy't gespook en aangehou en werk uitgedeel en jou besig gehou.

“Dan Wouter Rust; my ou maat, van vol sale tot waar die hele gehoor baklei, al twee. Met die vergaderings het jy nooit geweet met wat hy vorendag kan kom nie. Bang en versigtig was hy nie. *(Vervolg op bladsy 9)*

Van die mense wat mnr. Wouter Rust se begrafnis bygewoon het is v.l.n.r. ds. Joseph Steyn (skoonseun), mnre. Frans Pieterse (oud-onderleier van die HNP, mnr. Japie Theart (voormalige leier van die HNP), mnr. Matie Potgieter, prof. Das Steyn en Riaan du Toit.

“So het hulle gespook; nie vir roem of eer of geld of posisies nie; maar vir ons Volk en oorlewing. Nooit in styl nie, maar met grasie!

“Met ons Volk en die Toekoms lyk dit ook grou, maar die son se strale breek deur.

“Daar is 'n Volk te lei, daar is 'n Stryd te stry!

“Ere aan en die hoed af vir elkeen in hierdie Party wat ons vooruit gegaan het,” skryf mnr. Pieterse.

Frans het tereg verwys na die mense wat hy genoem het, en dit is goed dat hy hulle ook in herinnering geroep het. Ek is seker daar is baie staaltjies wat daardie manne sou kon vertel van hulle tyd in die HNP, maar hulle gaan dit helaas nie meer kan doen nie, en telkens as ons een van die ou strydgenote groet, is daar ‘n stuk geskiedenis wat saam met hulle gaan en wat nie meer oorvertel gaan word nie.



In die hart van die Waterberg, tussen Nylstroom en Vaalwater, het oom Pieter Prinsloo ons gegroet. Oom Pieter was ook ‘n boer met liefde vir sy volk, sy familie en sy plaas. Dit was hy (of sy pa) wat die grond vir die Doornfontein Geloftefeesterrein gegee het – dieselfde terrein waar oom Pieter se herdenkingsdiens gehou is, en op die plaas waarvoor hy so lief was. Hy is begrawe in die familie begraafplaas op die plaas.

As jong man het ek oom Pieter leer ken: hy was op HNP kongres- en hoofbestuursvergaderings. Hy was nooit op die voorgrond nie, maar as oom Pieter opgestaan het, het almal geluister. Hy het so lank as wat sy gesondheid gehou het, die Waterberg Strydraad aan die gang gehou.

Later, toe ek die landbouprogram, Landboukorrels, op Radio Pretoria gehad het, het hy my dikwels na Nylstroom genooi, waar hy voorsitter was van die Tafeldruif Vereniging. Daardie tyd was daar nog baie druiwe in die Waterberg verbou.

Hy was ook betrokke by die Konsentrasiekamp-kerkhof op Nylstroom en het jaarliks ‘n herdenking daar aangebied. Gelukkig het ‘n volgende geslag daardie werk by oom Pieter oorgeneem.

Oom Pieter se dogter, Mentha Kriel, het haar pa in haar huldeblyk vir hom soos volg geskryf: “Soos Jan Celliers in sy gediggie ‘Trou” beskryf het, was Pappa ‘’n man wat sy man kan staan’. As jongmens het ek my soms goed vasgeloop in daardie ‘wil wat so vas soos ‘n klipsteen staan”. Groter as enige verskille was egter die liefde vir ons Hemelse vader, ons volk en geskiedenis, asook die liefde vir Waterberg, die plaas en die natuur wat ons kon deel en wat hy aan my oorgedra het.

“Ons was altyd verseker van sy liefde vir ons kinders en later ook die kleinkinders. Elke skoolbyeenkoms of troue wat hy kon bywoon, elke gedeelte familiegeleentheid, was vir hom ‘n kosbare vreugde.

“Ek sal altyd onthou hoe hartlik hy alle besoekers by ons ouerhuis verwelkom met ‘n groet van ‘Kom nader, kom nader...’ In ons harte sal ons altyd na aan hom bly en glo dat ons eendag weer herenig sal word.

“Saam met Paulus kan Pappa ook aan die einde van die aardse lewe sê: ‘ek het die goeie stryd gestry, ek het die wedloop voleindig, ek het die geloof behou.”

Hopelik is daar nog van ons lesers wat staaltjies van hierdie twee Seders kan onthou en wat dit met ons wil deel.

RUGBYTOETSE OP LOFTUS VERSFELD

Prof. Fransjohan Pretorius

Soos Ellispark het Loftus Versfeld in Pretoria met die jare talle skitterende rugbytoetse opgelewer. Sommige van hulle was van die grootste oomblikke in Springbokrugby.

Die eerste rugby in Pretoria was op 29 Augustus 1873 — op Kerkplein! Frik Nöthling vertel in *Noord-Transvaalrugby 50* dat die pas gestigte koerant De Volksstem berig het dat "vele spelers er met blauwe schenen afkwamen". Dit was nog voor die Engelse Rugby Union-reëls hier ingevoer is.

In 1888 vestig 'n Kaapse prokureur, Loftus Versfeld, hom in Pretoria. Hy help om Pretoria se rugbykrag in een klub, die Pretoria-klub, saam te snoer. Versfeld doen veel vir rugbyadministrasie in die hoofstad. Toe hy in 1932 sterf, het die Pretoria-Subunie die Oostelike Sportterrein wat in 1914 ingewy is, tot Loftus Versfeld herdoop.

Nadat die Noord-Transvaalse Rugbyunie in 1938 van die Transvaalse Rugbyunie afstig, beleef Loftus Versfeld (die rugbyveld) sy eerste toets eers in 1955, toe die Britse Leeus die Springbokke met 9-6 klop. Die volgende Loftustoets was in 1963 — teen die Wallabies. Hierdie st. 7-kannetjie het in sy eerste ervaring van 'n toets grootoog gesien hoe Gert Cilliers en Tommy Bedford in hul toetsbuiging drieë druk om die Bokke 14-3 te laat wen. Toe die eindfluitjie blaas, het ons outjies ons helde op die veld bestorm. Toe kon dit nog.

In 1968 klop die Springbokke die Britse Leeus 25-20 op Loftus. Toe Frik du Preez op die tientreëlyn voor die hoofpawiljoen voor om die lynstaan bars met die bal onder sy arm, het hy in my en my pa se rigting, wat agter die noordelike pale gesit het, gestorm vir daai beroemde drie van hom. Pandemonium het losgebars. Selfs die Engelse tannie voor my, wat met die opdraf van die spelers vir haar man gevra het watter span die Springbokke is, het gejubel. Chris Greyvenstein vertel van hierdie drie in Springbok Saga: "... the great Springbok lock barged over for a try only a player of his unique gifts could possibly have scored."

Die 1970-toets teen die All Blacks wat met 17-6 deur die Springbokke gewen is, was 'n vreugdevolle riller. Drie minute nadat Dawie de Villiers gaan druk het, het die All Black-losskakel Wayne Cottrell net binne die noordelike halfgebied om die steelkant probeer glip — reg voor ons wat op die hoofpawiljoen gesit het. Die volgende oomblik het die reusesenter Joggie Jansen, wat in sy eerste toets gespeel het, hom reg van voor in die middelrif getêkkel en hom met die gras gelykgemaak — byna van die gras af gemaak! Cottrell was daarna 'n passasier op die veld. ‘n Opwindende onderskepdrie van Syd Nomis het die radiokommentator Gerhard Viviers laat kraai: "Syddie! Syddie! Syddie! En hy druk hom!" maar dit het ons wat die toets bygewoon het, eers later verneem.

Dank die hemel ek was afwesig toe Willy-John McBride se Leeus die Springbokke in 1974 met 28-9 op Loftus verpletter. En wraggies, in 1980 wen die Leeus op Loftus hul enigste toets in die reeks met 17-13. Met die moderne toetse het ek tred verloor.

Dis weer tyd vir 'n groot oomblik op Loftus. Be-Loftus maak skuld.

Frik du Preez op pad doellyn toe vir sy beroemde drie op Loftus teen die Britse Leeus van 1968. (Chris Greyvenstein, Springbok Saga*)*

(Uit: *Terugblik — 80 sketse van ons verlede*
deur Fransjohan Pretorius.
Protea Boekhuis, Pretoria
(nuwe naam Aristata Boekwinkels).
Met goedgunstige toestemming van die outeur).

Woord en wêreld

Effektiewe Gebed 5

Deur Dr. Gideon Grobler

Skrifgedeelte: Markus 11:22-26 *Jesus antwoord en sê vir hulle: Julle moet geloof in God hê.* 23 *Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê: Hef jou op en werp jou in die see — en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, sal gebeur — hy sal verkry net wat hy sê.* 24 *Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry.* 25 *En wanneer julle staan en bid, vergeef as julle iets teen iemand het, sodat julle Vader wat in die hemele is, ook julle jul oortredinge mag vergewe.* 26 *Maar as julle nie vergewe nie, sal julle Vader wat in die hemele is, ook julle oortredinge nie vergewe nie.*

Oordenking: Die laaste van die aspekte is die morele.

25 *"En wanneer julle staan en bid, vergeef as julle iets teen iemand het, sodat julle Vader wat in die hemele is, ook julle jul oortredinge mag vergewe.* 26 *Maar as julle nie vergewe nie, sal julle Vader wat in die hemele is, ook julle oortredinge nie vergewe nie."*

Daar is teoloë wat onderskeid maak tussen hiérdie vergewe, vir sover dit gaan oor die verhoring, die gee van wat ek vra in gebed en my saligheid.

M.a.w., as ek iemand nie vergewe nie, gaan die Here m.a.w. nét my gebed nie verhoor nie, maar ek kan nog steeds die saligheid kry. Dit is teen die agtergrond van die plekke waar Christus self sê dat as ons nie vergewe nie, gaan ons nie vergewe word nie, dus "over gesegd synde" jy gaan hel toe.

Dit gaan tog oor my ingesteldheid en dankbaarheid. Soos die arbeider wat kwytskelding van sy skuld gekry het, maar toe sy mede-arbeider in die tronk laat gooi omdat hy hom nie betaal nie.

Hoe sit ek by die nagmaaltafel as ek nie vergewe het nie? Mat 5:23 *"As jy dan jou gawe na die altaar bring en dit jou daar byval dat jou broeder iets teen jou het, …"*

Dink dit is baie gevaarlike denke.

- Vergewe anders sal jou gebede nie verhoor word nie!
- Vergewe om te kan nagmaal gebruik
- Vergewe en wees seker, dit staan nie in die pad van jou saligheid nie!

Die evangelie stel hier 'n eenvoudige, op die man af keuse: Vergewe en ervaar hoe God aan jou toestaan wat jy vra (natuurlik saam met die aspekte soos genoem in die vorige vier oordenkings), of moenie vergewe nie en weet, jou gebede word nie verhoor nie.

Vir effektiewe gebed, moet ek die historiese onthou sodat ek krag daaruit kan punt.

Ek sien nie net God se Almag daarin nie, maar word in my eie geestelike lewe, in my eie geloof daarin versterk.

Ek moet vra wat ek nodig het om my lewe meer/mooier tot sy eer te kan maak en Ek moet dié vergewe, wat en wie teen my gesondig het.

In Openbaring 8:3-5 lees ons oor gebed: "En 'n ander engel het gekom en met 'n goue wierookbak by die altaar gaan staan, en baie reukwerk is aan hom gegee, om dit met die gebede van al die heiliges op die goue altaar voor die troon te lê; (eie beklemtoning) 4 *en die rook van die reukwerk het met die gebede van die heiliges uit die hand van die engel opgegaan voor God.* 5 *En die engel het die wierookbak geneem en dit met vuur van die altaar volgemaak en dit op die aarde gegooi; en daar het stemme gekom en donderslae en weerligte en aardbewing."* Professor Victor D'Assonville (snr.) maak die belangrike opmerking in sy kommentaar oor Openbaring die volgende insiggewende opmerking. Hy vestig ons aandag op die feit dat daar staan: "…van ál die heiliges…"! Dit sê nie ál die gebede van die heiliges (gelowiges) nie, maar ál die heiliges (gelowiges). Wanneer watter gelowige ook al bid tot God, sal daardie gebed wat volgens die wil van God gebid is, voor God kom. Dit sê nie al die gebede nie, maar al die gelowiges s'n! Daardie gebede wat ons in ons eie selfsugtige belang bid, kom nie daar nie! Dit geld dus vir ons almal, nie net sommiges nie.

Gebed: *Hemelse Vader, Laat ons tog die vermoë om te vergewe, daardie vermoë wat U reeds aan ons gegee het, gebruik, nie net vir die verhoring van ons gebede nie, maar primêr vir U verheerliking!*

Amen

Buiteland

Meloni steeds sterk in Italië

Daar is toenemend druk op die Italiaanse eerste minister, Giorgia Meloni, veral vanuit die Europese Unie, wat nie hou van haar beleidstandpunte nie. Sy is veral erg teen vreemdelinge se instroming in Italië en Europa, en dit bring haar in gereelde konflik met die EU. Linkse media laat ook geen geleentheid verbygaan om haar te probeer diskrediteer nie.

Tog het sy steeds sterk steun soos blyk uit die onlangse plaaslike regeringsverkiesings wat op 24 en 25 Mei 2026 gehou is. Dié verkiesings is algemeen beskou as ’n belangrike politieke toets vir Meloni en haar sentrum-regse koalisie voor die nasionale verkiesing van 2027. Meer as 700 munisipaliteite het gestem, insluitend verskeie groot stede en provinsiale hoofstede.

Meloni se sentrum-regse koalisie het daarin geslaag om belangrike stede te behou of te wen, veral Venesië en Reggio Calabria. Dit het die indruk versterk dat haar regering steeds sterk steun geniet ondanks die nederlaag wat sy vroeër vanjaar in die referendum oor geregtelike hervorming gely het.

In Venesië het die sentrum-regse kandidaat, Simone Venturini, onverwags reeds in die eerste ronde gewen met omtrent 51% van die stemme. Peilings het vooraf voorspel dat die sentrum-linkse kandidaat, Andrea Martella, moontlik die voordeel sou hê.

Die sentrum-linkse opposisie, gelei deur Elly Schlein en die Demokratiese Party, het wel sekere tradisionele vestings behou, onder andere dele van Toskane en Campania. Hulle het ook klein oorwinnings in plekke soos Avellino en Pistoia behaal.

Matteo Salvini se party, die Lega, het ’n simboliese terugslag beleef deur beheer oor sommige historiese bolwerke te verloor.

In verskeie groter stede was daar geen kandidaat met meer as 50% nie, wat beteken dat tweede rondtes in Junie gehou sal word.

’n Interessante aspek van die verkiesing was die debat oor immigrasie en integrasie in Venesië, waar ’n aantal Bangladesj-Italiaanse kandidate vir die eerste keer sterk veldtogte gevoer het. Dit het baie aandag in die media gekry.

Waarom Ysland skielik na Europa kyk

In die verlede wou Ysland nooit regtig deel wees van die Europese Unie nie.

Geografies lê dit reg tussen Europa en Noord-Amerika. Kultureel beskou dit homself as Europees en volg dit reeds baie EU-wette. Maar op 'n praktiese vlak het Ysland sy onafhanklikheid – wat dit eers in 1944 van Denemarke verkry het – en sy kosbare visvoorrade fel bewaak.

Met ander woorde, Ysland was gelukkig deel van Europa, sonder om self deel van die EU te wees.

Maar toe dreig die Amerikaanse president, Donald Trump, vir Groenland, Ysland se naaste buurman. En sommige Yslanders het begin wonder of die tyd aangebreek het om by 'n groter alliansie aan te sluit.

“Die Groenland-krisis het beslis 'n senuwee geraak,” het premier Kristrun Frostadottir in Februarie in haar kantoor in Reykjavik verklaar.

Alhoewel min Yslanders dink dat Trump hulle direk sou dreig, het hulle steeds na hul asem gesnak toe hy Ysland met Groenland verwar het in opmerkings wat hy in Davos, Switserland, gemaak het. Hulle was woedend oor berigte dat Trump se keuse vir ambassadeur geskerts het dat Ysland die 52ste staat kan word. (Hy het later om verskoning gevra.)

Ysland se 400 000 inwoners is nou op pad na ’n referendum in Augustus oor of hulle in gesprek moet

tree met die EU.

As dit slaag, sal Ysland met die EU gaan sit om ’n ooreenkoms te beklink. Die proses kan jare duur – en Yslanders sal weer stem om die ooreenkoms te finaliseer – maar die feit dat daar selfs ernstige debat is oor aansluiting by die EU, weerspieël ’n groot verskuiwing.

“Mense voel dat hulle gedwing kan word om ’n kant te kies,” het Eirikur Bergmann, ’n professor aan die Bifrost Universiteit in Ysland, gesê. “En dan is daar eintlik net een kant om te kies.”

Die EU aanvaar nie sommer enigiemand nie. Maar Ysland sal ’n aantreklike toevoeging wees.

Dit is 'n welgestelde land en dit is in 'n strategiese ligging by die poort na die Arktiese gebied, waar supermoondhede meeding om oorheersing.

Dit oortref die EU amper op statistieke soos geslagsgelykheid, lewensverwagting en veiligheid. En dit is geliefd: Elke jaar spaar miljoene toeriste vir 'n eenmalige reis rondom sy vulkaniese oewers.

Een ding wat Ysland egter nie het nie, is 'n weermag.

Dit is 'n NAVO-lid wat lank op die alliansie staatgemaak het vir beskerming. Dit het ook 'n aparte verdedigingspakt met die Verenigde State. Amerikaanse soldate was dekades lank in Ysland gestasioneer. Maar vandag voel daardie verhouding baie meer onseker.

Die werklike vrees, het ontleders gesê, is dat as Trump NAVO vernietig, Ysland blootgestel sal word. Die EU is nie 'n militêre mag nie. Maar met die VSA wat toenemend onbetroubaar lyk as 'n veiligheidsvennoot, het Europese leiers hul opsies oorweeg. Hulle het die gebruik van 'n min bekende wedersydse verdedigingsklousule in die EU-handves bespreek, wat lidstate meer versekering in 'n toenemend onsekere wêreld kan bied.

En Ysland het aandag gegee. Dit het in Maart 'n veiligheids- en verdedigingsvennootskap met die EU onderteken. Natuurlik is aansluiting by die EU nouliks 'n afgehandelde saak. Yslanders sal eers tot die gesprekke moet instem - en Augustus is nog 'n entjie weg.

Vissers en boere is egter nie so opgewonde oor lidmaatskap van die EU nie. Hulle is bekommerd oor die prysgee van beheer oor hul nywerhede en reken die EU kan hulle begrawe onder 'n berg regulasies wat bedoel is vir 'n vastelandland soos Duitsland of Slowakye.

Tog weerspieël wat in Ysland gebeur 'n breër dinamiek wat oor die Nordiese lande ontvou.

Hierdie lande het hulself nog altyd 'n bietjie afgesonder van die res van die vasteland gehou. Baie sien hulself as Nordies voordat hulle hulself as Europeërs sien, trots op hul gedeelde erfenis, hul hoë lewenstandaard en hul noordelike taaiheid.

Maar na Rusland se volskaalse inval in Oekraïne in 2022, het Swede en Finland hul dekades van strategiese nie-belyning laat vaar en by NAVO aangesluit.

Nou staar die streek meer bedreigings in die gesig - hierdie keer in die vorm van dreigemente uit Washington. In net die afgelope paar maande het Groenland by Denemarke, sy voormalige kolonisator, ingeskakel. Die Faroëreilande, die derde deel van die Deense ryk, het onderhandelinge vir meer outonomie van Kopenhagen gestaak. En in Noorweë - wat, soos Ysland, ook van die EU weggebly het - dring 'n opposisieleier ook aan op nog 'n debat oor aansluiting by die blok.

Die gemene deler: hierdie welgestelde, maar klein nasies reageer op diepgaande verskuiwings in die wêreldorde deur op alliansies te steun. Dit is maklik om visvang te prioritiseer – een van Ysland se belangrikste nywerhede, per slot van rekening – wanneer die wêreld soos 'n stabiele plek voel. Dis moeiliker wanneer dit gevaarlik begin raak daar buite.

Omstrede Republikein wen Texas-voorverkiesings: Trump en die Demokrate is gelukkig

Die omstrede kandidaat, Ken Paxton, het die Texas-voorverkiesings teen die gematigde senator John Cornyn gewen. Donald Trump het weer eens sy gewig agter 'n lojalis gegooi. Maar hierdie keer juig die Demokrate saam met hom.

Selde beteken goeie nuus vir Donald Trump ook goeie nuus vir die Demokrate. Maar in Texas vier beide kampe.

Republikeinse senator John Cornyn, wat al byna 'n kwarteeu in die amp is, het die voorverkiesings teen die uiterste regse Ken Paxton verloor na 'n ingryping deur Trump.

Die president kry wat hy wil hê. Trump het weer eens 'n mede-partylid van die pad gedryf wat, na sy mening, onvoldoende lojaal is. In plaas van die gematigde Cornyn (74), het hy sy steun in Texas aan

prokureur-generaal Paxton (63) gegee: onervare politikus, kontroversieel, maar ook – onbetwisbaar – fel lojaal aan Trump.

Soos met voorverkiesings elders, het Trump se wens weer eens deurslaggewend geblyk te wees. In die eerste ronde in Maart was die twee Republikeine kop aan kop. Net voor die verkiesing het Trump sy vriend Paxton omhels. Kiesers het ook en Paxton het met meer as 63 persent van die stemme gewen.

Hierdie keer is die Demokrate egter ook verheug. Hulle sien lojalis Paxton as 'n baie swakker kandidaat as Cornyn, wat vir vier termyne onoorwonne is. En Texas word as die absolute topprys hierdie middeltermynverkiesingsjaar beskou.

Die grootste staat op die Amerikaanse vasteland het al dekades lank van die Demokrate weggegly. Texas het sedert 1994 nie 'n Demokratiese senator opgelewer nie.

Hulle het selde naby gekom. Maar in die middeltermynverkiesings, die tussentydse verkiesings in November, kan die Demokrate dit nie bekostig om enige geleentheid te laat verbygaan nie.

Die Demokrate staar fel teenstand in die gesig. Om 'n meerderheid in die Senaat te verseker, moet hulle nie minder nie as vier Republikeinse setels terugneem.

Intussen kan die Demokrate dit nie bekostig om een van hul huidige posisies te verloor nie. Van die 33 state wat vanjaar 'n senator verkies, leun die meeste na regs.

En Paxton se nuwe kandidatuur is 'n uiters welkome hupstoot vir die Demokrate.

In Texas sal die 37-jarige minister James Talarico, wat wyd beskou word as een van die sterkste Demokratiese nou 'n man in die gesig staar wat selfs deur baie van sy mede-Republikeine vermy word. "Toe almal in Washington hom gesê het om my te verlaat, het hy nie geluister nie," het Paxton sy dankbaarheid teenoor Trump uitgespreek tydens 'n oorwinningstoespraak in Dallas.

Vlaamse Jeug teen immigrasie

Die Vlaams Belang Jongeren (Vlaams Belang Jeug) het onlangs 'n opvallende protes in Middelkerke gehou teen die groeiende immigrasiedruk aan die Vlaamse kus. Met duidelike padtekens, swart en geel versperringslint en simboliese kaartjies na Oostende-lughawe het die jeugbeweging die mislukte immigrasiebeleid uitgelig. "Repatriasie is die enigste oplossing vir onwettige immigrante," sê VBJ-voorsitter en lid van die Vlaamse Parlement, Mercina Claesen.

Die aksie kom nadat tientalle pogings tot onwettige oorgange via die Vlaamse kus reeds sedert vroeg in 2026 gedwarsboom is. "Terwyl ons kus onder druk is, gaan gearresteerde immigrante – met ander woorde onwettiges – eenvoudig voort om daarna vry rond te loop," sê Claesen.

Langs die strandroete het Vlaams Belang Jongeren op 'n speelse maar skerp manier duidelik gemaak dat, volgens hulle, enigiemand wat onwettig hier woon, na hul land van herkoms moet terugkeer. Die simboliese roete het nie na die Verenigde Koninkryk verwys nie, maar na hermigrasie via Oostende-lughawe. “Met hierdie aksie demonstreer ons hoe absurd die huidige beleid is: 'n stukkie papier met 'n deportasiebevel, maar sonder enige gevolge, los niks op nie,” beklemtoon Claesen.

Die jeugorganisasie het doelbewus Middelkerke gekies omdat die kusoord toenemend gekonfronteer word met die harde werklikheid van onwettige migrasie en alles wat daarmee gepaardgaan. Net verlede maand het 'n voertuig met agt onwettige immigrante verongeluk nadat die bestuurder probeer het om 'n polisie padblokkade te ontduik. “Wanneer selfs sulke voorvalle niks verander nie, is dit bloot soos om water te probeer opvee terwyl die kraan nog loop. Beslissende optrede is dringend nodig,” sê Claesen.

HUTTEN-BUCHDIENST

Posbus 70770, Die Wilgers, 0041
Vuurklipstraat 541, Die Wilgers

www.hutten.co.za **hutten.buchdienst@gmail.com**
072 229 2148

Mag ons nooit vergeet!

Elke jaar op 16 Junie, die ou Sowetodag waartydens die rebelse swart jeug van Soweto in opstand gekom het teen ordelike en beskaafde regering, herdenk die Boerevolk nie hierdie rewolusionêre "jeugdag" nie, maar herdenk Konsentrasiekampdag – dié dag waarop Brittanje sy verskroeide aardebeleid in werking gestel het, en die dag waarop opdrag gegee is om Boere-plase te vernietig en vroue en kinders in Britse helkampe op te sluit tydens die Tweede Vryheidsoorlog.

Sarel het al gewonder of die 16 Junie-rewolusie nie juis beplan is om saam te val met die destydse volksmoord van die Britte teen die Boere nie?

Vir baie jare al word verskeie herdenkings op 16 Junie gehou, maar die grootste en bekendste is dié by die konsentrasiekampkerkhof by Irene in Pretoria.

Hierdie jaar is geen uitsondering nie.

Op 16 Junie 2026 eer ons die vrouens en kinders wat in die Engelse konsentrasiekampe (die helkampe) tydens die Engelse oorlog dood is. Ons doen dit met 'n kranslegging by die Irene Kampkerkhof in Pretoria.

Die verrigtinge sal om 09:00 begin. Die gasspreker is dr. Gideon Grobler, wat tans die Woord en Wêreld-rubriek in ***Die Afrikaner*** behartig, en hy was ook 'n voormalige president van die Verkennersbeweging.

Individue of organisasies word genooi om ook die dag kranse te lê. Na die verrigtinge afgehandel is, sal koffie en tee beskikbaar wees.

• Mag ons nooit vergeet!

Kanarie se liedjie in Washington

Nou ja, toe het Kanarie Meyer sy voete in Washington gesit as ambassadeur vir Suid-Afrika.

Die media het groot gewag gemaak daarvan dat Roelfie sy geloofsbriewe aan Donald Trump oorhandig het en dat die ontvangs "gul" was.

Wat egter maar in die kleinskrif van dié Kanarie Roelf-verheerliking gestaan het en diep verberg is, is dat Roelfie nie alleen daar was nie. Hy was maar net een uit twaalf ambassadeurs wat hulle geloofsbriewe aan Trump oorhandig het.

Waarskynlik was Trump te veel van 'n heer om een van die twaalf uit te sonder vir 'n uittrap-sessie, en het hy onse Kanarie maar net so "gul" hanteer as die ander, met wie hy minder appeltjies te skil het.

Maar toe kom die onthulling dat die gholfspeler Ernie Els, eers gewerf is om Trump 'n bietjie sag te maak. Els en Trump hou beide van gholf en het al voorheen saam gespeel. Net voor die oorhandiging van die geloofsbriewe het Els skynbaar vir Trump gebel en hom gevra om vriendelik te wees met Kanarie Meyer.

• Daar dop ou Roelfie sy eerste diplomatieke toets as diplomaat: hy kan nie eens is eie reg met Trump ontmoet nie, maar het 'n lofsanger nodig in die regte Afrika-tradisie.

En ryk witmense?

Die man wat nie kan wag nie dat Cyril Ramapokker in 'n staat van beskuldiging geplaas word of uitgedryf word deur 'n mosie van wantroue sodat hy president kan word, ly ook maar aan dubbel standaarde.

Hy het vrae in die parlement beantwoord oor sy verhoudings met omstrede swart sakelui.

Paul Mashatile is al lank onder verdenking oor sy rykdom, of dan sy seun se rykdom, en waar dit alles vandaan kom.

Toe hy 'n bietjie aan die tand gevoel word oor sy verbintenisse met ander sakelui onder verdenking, was aanval sy beste wyse van verweer.

"Moenie 'n probleem hê wanneer swart mense ryk word nie, want dit is die gevoel wat ek kry. Wanneer swart mense welvarend raak is dit: 'O ja, hulle moes dit êrens gesteel het. Hulle moes onregmatig

êrens ‘n tender gekry het’,” was die president-in-wording se antwoord.

*• Wel, **Sarel** se antwoord sou daarop neerkom dat daar deesdae in die nuus, selfs die linkse media, genoeg gerapporteer word oor tenderpreneurs, korrupsie en omkopery met tender verkryging en dergelike euwels. En dit alles gebeur NOU. Nie dertig, veertig of vyftig jaar gelede nie. Maar as ‘n witmens, selfs in hierdie swart bevoorregte bedeling ryk word deur eerlike en harde werk, word daar dadelik gesê dat hy gebaat het by apartheid. Apartheid wat al die eerste nekslag toegedien is in 1969, met die finale nekslag in 1990 met FW de Klerk se Swart Vrydag toespraak. Hoe kan die twee vergelyk word?*

Arrogante Politici

Die arrogansie van politici buite die Afrikanervolk, is vir **Sarel** verstommend lagwekkend.

Met die oog op die komende plaaslike regeringsverkiesings op 4 November, is daar natuurlik die valkoë wat die sogenaamde “onafhanklike” verkiesingskommissie dophou.

Sarel plaas die onafhanklikheid in aanhalingstekens, want raai deur wie word hulle aangestel? En diens brood men eet, diens woord met spreekt...

Nou het daardie selfde “onafhanklike” verkiesingskommissie (OVK) sy/haar/dit se kommer uitgespreek oor “onakkurate uitlatings” wat deur sekere politici gemaak word.

Een van daardie arrogante en voortvarende politici, is niemand anders nie as die Opperbevelhebber van Tien Rooipette, JuliAss MalEma.

Sy ego is duidelik groter as sy ondersteuning. In die laaste verkiesing het sy party redelik teruggesak, maar in ‘n onderhoud met een of ander joernalis het hy verklaar dat hy in 2024 “beroof is” om Suid-Afrika se president te word omdat die OVK sy party se stemme in een distrik aan die ANC gegee het.

Sarel weet stembedrog vind plaas, maar om te beweer dat jy van die presidentskap beroof is, is effe dik vir ‘n daalder.

Netso arrogant is Cyril Ramapokker wat die parlement “waarsku” dat dit ‘n “ondraaglike skande” sou wees indien hulle sou voortgaan om hom in ‘n staat van beskuldiging te plaas.

• Dalk moet hy eerder kyk na die “ondraaglike skande” om $580 000 in ‘n rusbank se kussings weg te steek. Hy het ‘n “ondraaglike skande” vir die land geword.

Lesers sê hul sê

vandegraafhenk@gmail.com

Lesers is welkom om kort briewe en menings te stuur aan vandegraafhenk@gmail.com vir publikasie in *Die Afrikaner*.

Die redaksie behou ten alle tye die reg voor om briewe te plaas of nie te plaas nie, of om briewe te verkort en taalkundig te versorg.
Briewe met ’n lasterlike of kwetsende inhoud sal nie vir publikasie in aanmerking kom nie. *(Red.)*

Eie Land, Eie Regering

Die Swartes in Durban en Johannesburg het groepe gestig om vreemde swartes wat Suid-Afrika, veral onwettig, binnestroom om ons mediese dienste en werksgeleenthede te benut, uit die land terug te jaag na die lande waarvandaan hulle kom.

Dit is egter iets wat die staatsinstellings behoort te doen, maar net nie op 'n groot genoeg skaal doen nie. Daar was berigte in die nuus dat daar wel meer as 100 000 onwettige invallers teruggestuur is of nog teruggestuur gaan word. Maar as mens na die tellings van die selfoonmaatskappye kyk, is daar al 'n paar miljoen wat onwettig hier is.

Die staat behoort dus harder te werk om die vreemdes terug te stuur. Maar ek glo omkoopgeld verhoed dat baie maar net weer vrygelaat word.

Die nodigheid vir ons eie land met ons eie Blanke regering, is dus baie nodig.

H van der Schyff
Pretoria

Die Afrikaner is bevoorreg om weer Sus Lettie se briewe aan Sus Katrien te kan plaas.

Alet Murray het hierdie briewe van ’n heelwat jonger Lettie aan ’n heelwat jonger Katrien geskryf vir ***Die Afrikaner*** in die vroeë tagtigerjare.

Almal het maar saam met die jare gestap, en Alet het ingewillig om die avonture van Lettie en Servaas weer op te tel waar hulle tans in ’n ouetehuis woon...

Uiteindelik het ek vir myself die ding só uitgereken: jy kry twee soorte mense, slim mense en wyse mense. Hier en daar kry jy een wat slim én wys is, dan is dit gewoonlik 'n eenhoring wat nie veel erg aan 'n lot gepraat om sy ore het nie,

Ek dink meneer Van Zweel is een van hierdie groep, daarom het hy padgegee van 'n prestasie-skool in die stad en plant hy nou rustig groente saam met die Scheepers- en Buyskinders. Dis 'n absolute wonderwerk om te sien hoe hulle aan sy woorde hang en ongehoord soet en gehoorsaam by hom is. Dat hy slim is, ly ook geen twyfel nie.

Maandagmiddag kom hy met 'n rol papiere by ons aan. Hy sê hy dink hy het 'n plan uitgedink wat kan werk om ons ekstra beskerming te bied in moeilike tye.

"Oom Servaas," sê hy "as ek so na wêreldwye dreigende skaarstes kyk en veral hier by ons waar skoon water boonop ook so 'n groot probleem kan word dat die gowwerment op ons waterbronne beslag sal wil lê, het ons 'n buffer daarteen nodig. Die kos kan ons toesluit in die stoor, maar ons watertenks en pompe staan oop en bloot vir Jan Alleman om te begeer. Ons moet ons water verberg."

"Meneer Van Zweel, jy opper 'n saak wat my ook al slapelose nagte gegee het," sê Servaas. " Ek sal vreeslik bly wees as jy vir ons 'n werkbare plan kan bedink."

Meneer rol sy papiere oop en dit lyk soos 'n argiteksplan, die ene strepe en syfertjies. In een hoek is 'n ry reënvalsyfers en die oppervlakte-afmetings van die skoolhuis se dak.

"Ek het met die skoolhuis as voorbeeld begin. Eers moet ons sorg dat hy diep, skoon geute rondom het. Hulle moet dan al die reënwater op die dak opvang en in 'n afvoergeut stort wat dit tot in die ondergrondse tenk neem. Dit kan enigiets van 'n sementdam met deksel of 'n gewone watertenk wees, maar dit moet ondergronds wees waar dit nie sigbaar is nie. Daar kan 'n uitlaatpyp tussen plante wees waar 'n pomp aan gekoppel kan word. Die pomp moet verbloem wees as 'n tuinversiering."

Ek en Servaas bly stomgeslaan sit en kyk na al die verskillende planne vir ondergrondse tenks. Servaas kyk op. "Lettie sal jy asseblief vir ons gaan koffie maak, Meneer het vandag met 'n wonderlike plan hier aangekom wat mens se kop goed wakker skud."

"As ek verder mag gaan, kan ons nie asseblief vir Blikkies Buys laat werk aan die waterstelsels nie, daardie donkiekarre van hom krap net die donkie-eienaars om," voeg Meneer sy laaste wysheid by.

Toe ons aandete eet, vra ek vir Servaas of ek nie ook so 'n ondergrondse tenkie vir die hoenderhok kan kry nie, die gieters met hulle drinkwater raak nou baie swaar vir my.

Servaas knik, sy gedagtes ver van hoenders af. "Ek hoop net nie die Kaap van Storms se reën val op Meneer se dak nie, vir so iets moet hy spesiale geute en spaartenks beplan."

Groete ook aan ou Swaer.

Jou liefhebbende
Sus Lettie

Die Afrikaner
sedert 1970

admin@hnp.org.za Tel. 079 752 4898

Debietorderopdrag

Titel: Prof. Dr. Mnr. Mev. Mej.

Van en Voorletters: _____

Adres: _____ Sel. _____

_____ E-pos _____

_____

Poskode: _____

ID Nr: _____ Datum: _____

AAN: *Die Afrikaner*, Posbus 18826, PRETORIA-NOORD, 0116.

Geagte Meneer **MY OOREENKOMS: MAANDELIKSE BYDRAE**

Die besonderhede van my/ons* bankrekening is soos volg:

BANK _____

TAKNAAM EN DORP _____

TAKNOMMER: _____ **REKENINGNOMMER**: _____

TIPE REKENING: **Tjek** **Transmissie** **Spaar**

BEDRAG: R _____ (_____**Rand**) in woorde

Ek/Ons* versoek hiermee, “dra dit aan u op”, en magtig u om my/ons* rekening by bogenoemde bank (of ‘n ander bank of tak waarheen ek/ons* my/ons* rekening mag oorplaas) met bostaande bedrag te debiteer ten opsigte van bogenoemde ooreenkoms op die 1e 16e dag van elke maand met ingang _____. Alle sodanige onttrekkings uit my/ons* bankrekening deur u word behandel asof dit deur my/ons* persoonlik onderteken is.

Ek/Ons* stem toe om enige bankkoste met betrekking tot hierdie debietorderopdrag te betaal. Hierdie magtiging kan deur my/ons* gekanselleer word deur aan die HNP skriftelik dertig dae kennis te gee, maar ek/ons* verstaan dat ek/ons* nie op ‘n terugbetaling van bedrae geregtig is wat u onttrek het terwyl dié magtiging van krag was nie. Die ontvangs van hierdie opdrag deur u word as ontvangs daarvan deur my/ons* bank (soos die geval mag wees) geag.

Onderteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 2024.

_____
HANDTEKENING

*Skrap wat nie van toepassing is nie

Herstigte Nasionale Party

Tel 079 752 4898
e-pos: **hnpvansa@gmail.com**

Aansoek om Lidmaatskap

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee plegtig dat die grondslag, doelstellings en beginsels van die Herstigte Nasionale Party ten volle onderskryf en my aan die grondwet onderwerp.

Titel: ☐ Prof ☐ Dr ☐ Mnr ☐ Mev ☐ Mej

Van en Voorletters: _____

Adres: _____ Sel.no.: _____

_____ E-pos: _____

_____

Poskode: _____

ID No: _____

Vaardigheid/Beroep: _____

Ledegeld: ☐ (D/O)(R50 p/m)

Handtekening: _____ Datum: _____

Goedkeuring van Lidmaatskap

Datum van toelating: _____ **Ledegeld betaal:** _____

(Get.) Werwer (HNP-lid): _____

Bankbesonderhede:

ABSA Tjekrekening: 020770880 **Rekeningnaam**: Spitskopfonds **Verwysing**: U naam en van

Kantoorgebruik:

Datum waarop aansoek ontvang is: _____ Lidnommer: _____

Datum waarop ledekaart aan lid gestuur is: _____